

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15: 1 – 11

Teks: **1 Korintiërs 15:8**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 148:1,5**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 66:1,4; Ps. 19:4; Ps. 86:3,8; Ps. 33:1,2; Ps. 134:4**

**1 Korintiërs 15: 1 – 8**

1Co 15:1 Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan.

1Co 15:2 Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.

1Co 15:3 Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;

1Co 15:4 Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.

1Co 15:5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,

1Co 15:6 en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.

1Co 15:7 Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels.

1Co 15:8 **Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.**

1Co 15:9 Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het.

1Co 15:10 Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; intendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is.

1Co 15:11 In elk geval, of dit ek is of hulle – dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het.

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15: 1 – 11

Teks: **1 Korintiërs 15:8**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 148:1,5**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 66:1,4; Ps. 19:4; Ps. 86:3,8; Ps. 33:1,2; Ps. 134:4**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, nadat ons Vrydag Goeie Vrydag kon vier, is

vandag die dag waarop ons met die Nuwe-Testamentiese gelowiges van alle tyd wil sê – DIE

HERE HET OPGESTAAN, HY HET WAARLIK OPGESTAAN. Dit was vir lank die woorde

waarmee gelowiges mekaar die Sondag na die gebeure op Golgota ook wou groet. Ons kon

mekaar ook vandag met hierdie sekerheid groet, die Here het waarlik opgestaan. Daardie

Sondag-oggend, die eerste opstandingsmôre, was dit meer as maar net nog 'n nuwe dag of nog 'n

nuwe week wat aangebreek het.

Verlede Sondag het ons dit alreeds gehad dat engele se eintlike werk is nie om die Woord te verkondig nie, daarvoor wil God mense gebruik, nie engele nie. Openbaring 14 het ons dit ook duidelik wou wys waar engele-aankondigings plaasvind terwyl dit eintlik mense moet wees wat die groot dinge moet aankondig. As engele dan praat dan is dit buitengewoon, dan gebeur wat veronderstel was dat mense moes praat. Dié Sondag was dit engele wat eerste gepraat het want toe was die mens nog stom en stil. Die engele by sy graf het gesê Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan.

Engele het dit eerste gesien en eerste gesê soos dit by Christus se geboorte ook was, dat 'n engel Maria se eie swangerskap sonder enige man aan haar sou aankondig en baie baie engele het in die nag van die Here se geboorte die herders so luid in die veld toegesing, dat voor hulle hul oë kon uitvee, toe wil hulle in Bethlehem wees waar sy geboorte was. Dit was by sy geboorte nie stil nie, alhoewel dit nie bedoel was om 'n skouspel vir die wêreld te wees nie. Hy is in 'n stal gebore, in 'n krip neergelê, hulle wat hulde bring is nie helde of konings nie, maar herders wat min kan bad en nog minder aansien in die wêreld se oë kon hê. Wyse manne van 'n Verre Ooste bring geskenke die dag toe God sy grootste Geskenk aan ons gegee het. Geen naby geskenk was aan Hom gegee nie, ja sy naby-mense was op die einde die mense wat Hom gekruisig het. So duidelik sien ons van die begin af, ja oor die krip van ons Here Jesus het alreeds gehang die donker skaduwee van die kruis wat ons hierdie naweek baie duidelik moet besef. Krip en kruis staan in dieselfde verband.

\*\*\*

Soos sy geboorte nie 'n fanfare was nie, so was sy graf vir bykans drie dae en meer as twee nagte baie stil. Hy was waarlik dood. As dit daardie Sondag eerste 'n vrou kon wees wat die opgestane Here ontmoet, dan breek die eerste opstandingslig deur, ja alleen 'n vrou wat geboorte kan gee, nie 'n man nie, nou weer eerste 'n vrou wat die eerste nuwe lewe van Jesus kon bespeur, nie 'n man nie. 'n Vrou wat haar wou haas om dit alles te vertel, want kan 'n mens hieroor stilbly, jy mag nie stilbly nie, want as jy stilbly is jy besig om die hart van die evangelie aan te tas. Daarom dat ons dit soos Paulus moet sê en dit so moet glo, die evangelie is in wese die opstanding van Christus en die opstanding van Christus is in wese die evangelie.

Dis waarmee Paulus in 1 Korintiërs 15 mee wil begin en daarmee wil hy besig wees. Dit wat vir ons vandag moet uitstaan is die evangelie wat verkondig is, wat ons ontvang het, dit waarin ons gevestig moet staan (v1). Dit moet die fondament, die basis, ja die belangrikste rede vir jou en my bestaan op hierdie aarde wees, want as jy nog nie die werklike rede vir jou mens-wees in die lewende Christus kon fundeer nie, dan het jy nog nie by die evangelie uitgekom nie. Dis 'n lewensbelangrike saak, ook vir julle wat vandag as diakens bevestig gaan word. Vir jou as gelowige en vir julle as diakens moet dit alles begin by die feit dat Jesus het opgestaan.

Dis lewensbelangrik.... ja die woord wil letterlik sê wat dit sê – die belangrikste in jou lewe moet wees die evangelie van die opstanding, want anders kan jy dink jy lewe, maar eintlik is jy alreeds dood, al lewe jou liggaam dalk nog! Die wonderlike teendeel is by die graf van Lasarus ook alreeds bewys, Wie in Christus lewe, sal lewe, al sterwe hy ook ...

Die lewe is in alles afhanklik van wat op daardie Sondagmôre gebeur het. As dit nie vir daardie Sondag was nie, moet jou dan nie die lewe eers probeer indink nie. Dit sou net die dood gewees het, die dood in al sy vorme, ja ook in sy ergste vorm nl. die ewige dood. Al dink baie mense die liggaamlike dood is die ergste wat daar kan wees. Ons moet weet die geestelike dood is eintlik al erger as die liggaamlike dood en wat kan erger wees as die ewige dood?!

\*\*\*

Paulus sien sy aardse lewe, sy aardse bestaan as iets van 'n misgeboorte, hy 'n ontydig geborene as dit nie was dat die lewe van die opgestane Here nie ook sy lewe geestelik tot lewe gebring het nie. As hy moes bly wat hy was, dan was hy werklik net 'n misgeboorte, letterlik staan hier iets van dan was ek 'n miskraam as die werklike opgestane Here nie my lewe aan my my opstanding kom gee het nie. 'n Miskraam spreek van die dood, 'n misgeboorte gee nie lewe nie en so sien Paulus sy lewe as die opstanding nie vir hom ook gebeur het nie.

\*\*\*

Daarom dat 1 Korintiërs 15 die evangelie saamtrek tot in wat daardie Sondag-oggend gebeur het, maar in die volgende 40 dae het alleen kon volg op grond van wat daardie Sondagmôre se eerste opstandingslig die lig kon wees. Die feit dat Jesus geweet het sy opstanding sal openbaar moet word, dit kan nie 'n geheim bly nie. Dit is wat maak dat ons as Kerk hierdie evangelie moet glo en moet bly verkondig en wee die een wat hieraan geen erg het nie. Dit is waarom Jesus se talryke verskyninge ná sy dood die werklike goedheid van Goeie Vrydag tot sy volle goedheid moes bring. As Paulus sê ... *ook aan my* ... het Hy verskyn. Hoe 'n kosbare en ryke gebeurtenis nie in hierdie dienaar van God se lewe wat hy wat Paulus is homself andersins 'n ontydige geborene of misgeboorte wou noem. Hierdie opgestane Here het soveel vir Paulus beteken, soveel dinge in sy lewe verander wat vandag by jou en my ook só moet wees.

\*\*\*

Ek oorweeg om die Openbaring reeks dalk net weer vir so 'n kort rukkie te onderbreek dat ons in die volgende paar week ons regtig net weer bietjie dieper ingrawe in wat dit werklik alles omvat

as ons glo dat Jesus uit die dood opgestaan het. Ons was Vrydag met wat in Romeine 6 staan verbind aan die sterwe van Jesus Christus. Paulus lê so 'n sterk band dat hy vir jou en my sien as *saam met Christus gekruisig ...* As jy in jou lewe daardie besondere sterk verbintenis aan die kruis en sterwe van ons Here Jesus Christus kan maak, dit wat ons ook Vrydag moes kon doen, dan glo jy nie net dat Jesus vir ons gesterf het nie, maar wie waarlik in Christus glo moet kan sê ek het saam met Hom gesterwe. Ek is een wat elke dag aan myself moet sterwe, my ou natuur doodmaak. Die bekering waarmee ek tans in my lewe besig is en waarmee ek nooit sal klaarkry nie is om my ou natuur te kruisig, dit te wil begrawe, ek is genoodsaak om dit elke dag te doen.

\*\*\*

Dit is wat die lewe van daaglikse bekering is en moet wees - Hoe duidelik stel Sondag 33 V/A 88 dit nie aan ons nie! **Die vraag ... uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?** Ons antwoord - **Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.** Die implikasies van om saam met Christus gekruisig te wees het alles daarmee te make dat ek vir die sonde moet dood wees. Dit is om jou ou natuur, jou oumens af te sterf. So belangrik soos dit is om met Christus gekruisig te moet wees, dink net hoe belangrik dit is om met Hom ook op te staan. Ek moet net soveel aan Christus se opstanding verbind kan word soos ek wat aan sy kruis 'n besondere band moet raaksien. Wie by die kruis vassteek en nie die nuwe mens in sy lewe laat opstaan nie mis ook die werklike evangelie waaroor 1 Kor. 15 ons by uitbring.

\*\*\*

Daarom moet jy vandag kan sê dat Christus se opstanding is ook my opstanding. Soos Jesus nie in die graf gebly het nie, moet ons as gelowiges ook nie in die dood bly nie. Duideliker as wat dit in Romeine 6 vers 8 staan kan niemand dit sê nie- *8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe ...* Daarom as ons oor die opstanding van Christus handel dan is sy verskyninge by dalk meer as 10 geleenthede aan mense so van besondere betekenis. In 1 Korintiërs 15 word daar ten minste 6 van hierdie verskyning na besondere waarde geskat. Jesus het aan individue verskyn, aan groepe mense, selfs 'n keer waar meer as 500 mense bymekaar was, watter besondere verskyning moes dit wees nie. Sekerlik ook waar 'n erediens aan die gang was, waar mense in die Here se Naam saam kon wees. Ons kan aanvaar elke verskyning het daarvoor gegaan dat Jesus die feit van sy opstanding kon bevestig. Hy het ook sy laaste boodskap terwyl Hy nog mens op aarde was, kon gee.

In 1 Kor. 15 lees ons dat Jesus eers aan Sefas verskyn het. Hy wat ook Petrus heet. Hoekom eerste aan hom? Ons kan aanvaar Jesus het van almal die beste geweet dat Petrus Hom eerste moes sien. Hy wie se lewe soos 'n verbrokkelde stuk klip op daardie stadium was. Die *petra*, die rots het in stukke gelê. Hy het Jesus drie maal verloën, ja drie maal kort na mekaar, daarom dat Jesus met die verskyning daar op die strand hom drie maal sou vra of hy die Here lief het, of hy Hom werklik lief het. Alleen Jesus sou weet hoe die afgelope drie dae in Petrus se gemoed so donker, so diep weggesink was.

Paulus praat kortweg dat Jesus het ook aan Simon verskyn, of dan nou Petrus. Petrus was in sy amp herstel, hy sou as't ware opnuut 'n ampsbesef, 'n ampsplig, 'n ampsoorgawe moes maak soos wat julle wat as diakens vandag bevestig gaan word ook die besef, die plig, die oorgawe maak wat dit is om in die ampte van die Here te dien. Dis nie menslike ampte of kom ons noem dit selfs kerklike ampte waarin julle vandag bevestig word nie, dis goddelike ampte, deur God Self ingestel. Mag die besef, die plig, die oorgawe julle drie broeders se deel wees, maar mag ons hele Kerkraad ook weer kom by hierdie drie dinge van my ampsplig, my ampsbesef, my oorgawe aan die amp waarin God my gestel het.

Paulus noem na die verskyning aan Petrus kortweg ook van Jesus het aan die twaalf verskyn. Ja, Judas is nie daarby nie, maar tog nou is Thomas by. Die twyfelaar, die weifelaar word saamgetel. Die soeker na waarheid terwyl Hy wat die waarheid is hier voor hom staan. Al twaalf van hulle het Hom kon sien en Jesus verwyd hulle nie. Hulle wat die Here so in die steek gelaat het, maar Jesus se woorde aan hulle is, *Vrede vir julle*, Hy herhaal dit vrede vir julle. Dit gaan nie om die vrede wat die wêreld gee nie, maar om werklik in Christus vrede te vind is om sy opstanding vandag wesentlik jou vrede in jou lewe te laat word. Dan lyk jou lewe anders as die mens wat maar soos die wêreld lewe.

Dan kom Paulus by 'n verskyning wat ons nie regtig so mooi in die evangelie kan naspoor nie. Paulus sê in 1 Korintiërs na die twaalf was daar 'n verskyning aan 500 broeders tegelyk. Wie is hulle? Ons weet nie. Kan ons aanvaar dit is hulle wat kerk wil wees en dit werklik is en dit nie net wil sê nie. Ons kry hulle eweknieë in die Ou Testament rondom Elia wat Elia ook nie van geweet het nie, maar God het hom van hulle laat hoor. Die 7000 ander wat die knie vóór Baäl

nie gebuig het nie. Hulle wat in stilte die goeie stryd wil stry, die eensames, die onbekende strydery vir Christus, die mense by ander mense verag, maar deur God uitverkies. Die mense waarby diakens in hulle dienswerk by moet uitkom, anders waarom is ek 'n diaken as ek nie by mense in hulle werklike lewensomstandighede by uitkom nie. Wat sou Jesus vir die 500 gesê het. So klomp mense bymekaar. Dit word ons nie vertel nie, maar ons mag weet dit wat hulle kon sien, die feit dat die Here het waarlik opgestaan is eintlik al waaroor daar gepraat kon word.

Paulus skrywe ook van 'n aparte verskyning aan die ander kind van Josef en Maria. Hy wat ons ken as Jakobus. Sou Jesus met sy aardse ma se omstandighede met sy broer hier op aarde wou praat, dit kan wees, ons mag dit seker nie uitsluit nie. Wie en wat Maria is, die jongvrou wat Hom gebaar het, nou die ouvrou met die stuk yster in haar hart (die swaard deur haar siel het Simeon van geprofeteer) hulle het my Kind van my weggevat, Hom doodgemaak, Hom gekruisig.

Tog dink ek Jesus sou nie net oor die huislike met Jakobus wil praat nie, maar juis oor die kerklike. Jesus het geweet die een wat die leiding van die vroegste kerk in Jerusalem sou moes neem is sy broer Jakobus wat aanvanklik nie in Jesus geglo het nie, maar toe hy eers begin glo sou hy van die eerste pilare van die kerk in Jerusalem moes word. Sy geloof sou Jakobus moes bring waar hy in sy gewone mens-wees nie by kan uitkom nie. Dit geld van ons almal wat in die ampte dien. Ook julle wat vandag bevestig gaan word. Jou geloof moet jou bring by mense en dinge wat jy in jou gewone mens-wees eintlik nie by sal kan uitkom nie.

\*\*\*

Ná hierdie verskyning aan Jakobus skrywe Paulus in 1 Kor. 15 dat Jesus het daarna aan al die apostels verskyn. Kan ons aanvaar hulle is daardie 70 van Lukas 10? Mense in besonder aangestel om sendingwerk te moet doen. Vir daardie 70 dissipels het Jesus gesê- terwyl Hy hulle twee-twee uitgestuur het- *“Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. 3 Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lamms tussen wolwe in...* Dis 'n groep van mense wat Jesus se verskyning na sy opstanding in besonder sou moes verreken. Sy sendingopdrag sou vir hulle in Mattheus 28 veral besondere betekenis moes kry soos dit nou nog vir ons groot betekenis moet dra- *19 Gaan dan*

*na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

En dan na hierdie sewentig, kom Paulus by homself - *8 Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.* Die 2020 vertaling stel - *As die laaste van almal het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn.* *9 Want ek is die geringste van die apostels, nie geskik om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het.* Ons sien raak Paulus sien werklik die heiligheid van die amp raak. Soos ons wat in die amp is en julle wat in die amp bevestig gaan word nooit die heiligheid van die amp mag geringskat nie. Paulus beskou homself as een wat eintlik nie geskik kon wees om apostel te wees nie, hy het dan soveel van Christus se volgelinge gedood, maar ons weet wat het met Paulus op pad na Damaskus gebeur. Lees maar weer Handeling 9.

Toe die verskyning aan Paulus gebeur het, was Christus reeds in sy volmaakte heerlijkheid. In die hemel aan die regterhand van sy Vader. Daar het Paulus Christus in 'n groter heerlijkheid kon sien as wat die verskyning in die 40 dae na die opstanding kon wees. Mag dit wees dat jy vandag in geestesoog Paulus dit kan nasê – *ook aan my ...* As u die opgestane Christus vandag bely dan is dit mos eintlik ook maar 'n tipe verskyning aan jou. Jy sou nie aan hierdie geloof kon vashou as Christus nie reeds met jou ook besondere pad begin loop het nie. Dis 'n baie persoonlike saak wat Paulus hier aanraak, maar ook so 'n onuitspreeklike voorreg om dit Paulus stamelend na te jubel ... *ook aan my.* Mag julle wat nou in die ampte bevestig gaan word dit ook wil sê.

AMEN